9 AUGUSTUS 2020

TORINGKERK nuus

KOM TUIS

|TORINGKERK AANLYN|

facebook.com/toringkerk
instagram/toringkerk
info@toringkerk.co.za
kontak leraars direk
youtube/toringkerk aanlyn

Ons het 'n splinternuwe YouTube Kanaal! Gaan soek ons en druk "Subscribe" om ons weeklikse opnames te kyk. Maak seker jy mis dit nie - gaan nou op ***YouTube*** en "***SUBSCRIBE***". Kontak ons asb as jy nie die weeklikse inligting per epos of whatsapp ontvang nie.



|DIE DANS VAN DIE DRIE-EENHEID|

Gelukkige Vrouedag!

Dis ons vierde week van ons nuwe reeks die week, **die dans van die Drie-Eenheid.** Ons het ‘n paar musiek-kunstenaars gevra om ons te help om te praat en te sing en te dig oor wat en wie die Drie-Eenheid is en hoe ons al meer soos die Drie-Eenheid kan dans in hierdie wereld. Vandag gesels Deon Meiring van Glaskas saam oor die vierde karakter-eienskap van die Drie-Eenheid: Versorging.

MARKIETIE 2020

1 SEPTEMBER - LENTE MARKIETIE
Ons verkoop kos, wit olifant en ander items aanlyn

9 OKTOBER - DRIVE THRU MARKIETIE
Potjiekos, Pannekoek, Burgers, Poeding

WAT ONS NODIG HET:
- Bestandele borg
- Help met bak en kosmaak
- Wit olifant items skenk
- Nuwe idees

KONTAK ASB VIR DAWFRE VOOR VOLGENDE VRYDAG 14/8

|DIEP & VER|

Ons het weer die geleentheid gehad om hierdie week kospakkies te pak en uit te stuur aan die 45 gesinne wat ons op 'n maandelikse basis ondersteun. Hierdie was die 5de keer wat ons op hierdie manier ons gemeenskap kon dien. Dankie aan elkeen wat hierdie projek aanhou ondersteun. Dit bied ons gemeente ook die ongelooflike geleentheid om aan te hou brue bou in ons gemeenskap en netwerke vasmaak met ander dele van die liggaam van Christus.

|40 DAE SAAM OP REIS|

Dissipelskap as 'n nuwe manier van lewe: Hierdie Maandag begin ons met **Sessie 7** wat op **bladsy 51** van die boekie is. Ons lees dan daardie 3 tekste vir 'n week lank en reflekteer oor die vrae. Elke Maandag skuif ons aan na die volgende sessie.

Woensdag, 12/08 om 18:30 se uitnodiging op Zoom volg per whatsapp in die week. As daar beurtkrag is skuif ons Zoom aan na Donderdag toe en indien dit dan ook beurtkrag is skuif dit oor na die volgende week.

|DEURKOLLEKTE| Hospitaalbearbeiding

Hospitaalbearbeiding versorg gemeentes se lidmate en hulle familie tydens ernstige krisisse – medies en emosioneel – in die hospitale en in spreekkamers in die Kaapse Skiereiland en in George en Mosselbaai. Aangesien hospitale se rekenaarinligting meestal nie pasiënte se kerkverband aantoon nie, word gemeentelede vriendelik versoek om hospitaalleraars van pasiënte te laat weet. Hulle sal hierdie lidmate bystaan en op ’n pad van oorwinning begelei.

|KRUISCONNECT|

Ek wil julle graaaag uitnooi na 'n baie exciting lekker nuwe reeks, spesiaal vir ons KruisConnect groepie! Die reeks se naam is "I though love was only true in fairytales" (dink Shrek vibes). Ons begin volgende week met ons eerste Zoom sessie, 18h die aand.
Ons gaan altesaam 5 keer bymekaar kom, elke keer op die Donderdag aand op Zoom. Wat kan jy doen?
1) Laat weet my of jy in is vir hierdie lekker kuier!
2) Laai Zoom af
3) Laai die volgende App solank af: "Ons Glo" (dis op die app store beskikbaar)

|VERLIES|

Die Covid-19 pandemie het lidmate op verskeie vlakke geraak en almal ervaar een of ander vorm van emosionele verlies. Die uitgerekte grendeltyd, die onsekerheid oor die toekoms, verlies aan inkomste, groter wordende werkloosheid in gemeenskappe, skole se aanpassings met nuwe regulasies en nog baie meer, het bygedra tot mense se ervarings van spanning en verlies.

Communitas nooi lidmate en predikante uit om na ‘n paneel van kundiges te kom luister.Dit vind op 3 agtereenvolgende Donderdae aande om 19:00- 20:30 plaas en word gratis aangebiedRegistreer gerus by: https://forms.gle/NSRr4zeH9VbQjFMBA

|HAM BENODIG 'N DROOGRAK|

Kontak vir Janneke as jy kan help met 'n droograk vir wasgoed!

DIEP en VÊR

Wat is dit ?

Te danke aan die gemeenskap se ondersteuning, kan ons vir 43 gesinne ondersteun met kospakkies

So hoe help ek?

BRING DIE KOS-ITEMS NA DIE KERKSAAL

Maandag tot Vrydag tussen 9h en 13h

'Canned fish'	Melk (lang lewe)
'Soya mince'	Olie
'Peas/lentils'	'Peanut butter'
'Baked beans'	'Canned mixed veg'
'Maize meal'	'Yeast'
Meel	Rys

MAAK 'N FINANSIELE BYDRAE

Bankbesonderhede:
NG Gemeente Toringkerk
ABSA
Rek Nom: 400590176
Takkode: 334210
Verwysing: Diep en Vêr

VEELS GELUK

9 Aug Joy Cupido, Amy Germishuys, Lynn Joubert, Anushke Molnar

10 Aug Jackie Butler, Sumien Roux, Marianne Theron, Michaele Van den Heever, Cara Van Niekerk

11 Aug Marita Batt, Elsa Fourie, Barbara Steyn

12 Aug Johanna Beneckhé, Ester Cilliers, MARIËTTE Domburg, Lukas Fourie, Philip Gerber, Leah Pieters

13 Aug Giepie Brandt, Hendrik Olivier

14 Aug Robert Canning, Dorita Koch, Cara Snyman, Jaco Theron

15 Aug Gustav Olsen

GESONDE GEDAGTES

Tel 'n slag jou mat op...

- Stephan Joubert

In ‘n ou Amerikaanse sepie, “The king of Queens,” besoek die hoofkarakter Doug, en sy vrou een keer sy ouers. Hulle gaan vier sy hond Rocky se 28ste verjaarsdag. As Doug wonder hoe Rocky so oud geword het, erken sy ouers dat hy eintlik al ‘n paar keer vervang is met ‘n hond wat presies soos die eerste Rocky lyk. Hulle trek eintlik nou by Rocky IV. Dan sê sy ma: “But we don’t talk about such unpleasant or uncomfortable things.” Hierop vra Doug se vrou verbaas: “What do you do with the truth, then?” “We sweep it under the rug, where it belongs!” antwoord sy. Toe besluit hulle almal daar’s net een Rocky en hy is 28 jaar oud. Mense hou nie van “ongemaklike waarhede” of “inconvenient truths,” nie. Daarom dat daar soveel matte hier in ons dag is waaronder die waarheid ingevee word. Die koerante, sosiale media en die TV vertel deesdae graag van die owerhede, besighede en selfs godsdienstige se matte waaronder groot waarhede ingevee word. Almal weet baie goed van die res se korrupsie en sondes. Almal verwag dat "hulle" moet verander. Maar sê nou ons het blindgeraak vir ons eie donkertes wat ook onder die mat beland het. Sê nou ons het toegelaat dat die Here se liefde, deernis en nederigheid plek maak vir verbitterdheid en haat hier in ons eie harte. Sê nou ons leef op die maat van “aardse wysheid.” Jakobus 3:14-16 sê sulke "wysheid" loop hand aan hand met bittere jaloesie, agterdog, woede en onverdraagsaamheid. Sê nou ons vee elke slag sulke donker emosies, wat lynreg bots met die Here se liefdesgebod, onder ons eie mat in. Jakobus 3:17 skryf wysheid wat van Bo kom, vul ons met reinheid, vrede, openheid vir ander, ontferming, sagmoedigheid, onbevooroordeeldheid en goeie dade. As almal regtig so godsdienstig was, dan sou hemelse wysheid gewen het. Dan sou ons wortels in die hemel geplant gewees het, en nie hier op aarde nie. Kom ons lig ons eie mat ’n slag op en laat toe dat God se sagte wysheid in ons lewe vorm aanneem. Kom ons plant ons eie wortels in die wingerd van die Here en dra die vrugte van wysheid.

BID | SIEN | DEEL

TORINGKERK ZAPPER

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:

Toringkerk
ABSA
Takkode: 632 005
Rek nr: 400 590 176

'CONNECT' MET ONS OP FACEBOOK EN INSTAGRAM. AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

Toringkerk (@Toringkerk)
Toringkerk Tieners (@ToringkerkTieners)

Toringkerk

LERAARS:	Jana van den Munckhof	083 948 4233	jana@toringkerk.co.za
	Ryno Els	083 610 1641	ryno@toringkerk.co.za
KANTOOR:	Annelie Koegelenberg	021 872 6730	info@toringkerk.co.za
JEUG/MAATSKAPLIK:	Janneke Marais	082 831 6165	janneke@toringkerk.co.za
ORRELIS:	Mario Nell	082 852 4536	marionell2@gmail.com
KOSTER:	Neels Visser	082 740 7353	neels@toringkerk.co.za
TENTMAKER:	Dawfre Theron	082 899 3959	dawfre@fhbc.co.za